

Meyerspark

N.G. Gemeente



Erasmusstr. 221 Meyerspark 0184 * Posbus 11 La Montagne 0184 * TEL: (012) 803 1531 FAX: (012) 803 9289* ngmeyerspark@absamail.co.za

Erediensreëlings om die verspreiding van die Covid-19 virus te beperk

Liewe Gemeente,

Die Covid-19 Coronavirus is besig om amok te maak oor die wêreld heen en ons weet nie wat die impak op ons land en ons gemeenskap gaan wees nie. Die virus is hoogs aansteeklik en ons bekommernis is dat veral ouer persone en mense met gesondheidsprobleme die ergste deur die virus geraak kan word. Hier is voorkomende optrede die wagwoord. Die regering het hieroor 'n noodtoestand afgekondig met drastiese stappe in 'n poging om die verspreiding van die virus te beperk.

Hoe dit ons gemeente raak: Die eredienste in sy huidige vorm mag nie voortgaan nie. Om die getalle te verminder na groepe kleiner as 100 (soos deur die noodtoestand vereis) gaan ook nie die kontak tussen persone uitskakel nie.

Die Dagbestuur van die Kerkraad het op aanbeveling van die Verheerlikbediening besluit dat die eredienste voorlopig as "instap-dienste" of meditatiewe dienste aangebied sal word. Hoe gaan dit werk? Dit is soortgelyk aan die Via Dolorosa wat ons in die verlede in die saal aangebied het.

- Die kerk sal oop wees van 8:00-11:00 en van 17:00-18:00 op 'n Sondag.
- Jy kom en gaan soos jy wil. Persone wat siek is word aangeraai om eerder tuis te bly en na hulleself om te sien.
- In die kerk word 'n boodskap in die vorm van 'n PowerPoint-aanbieding op die skerm vertoon. Die boodskap word die hele tyd herhaal. Dit sal bestaan uit agtergrondmusiek, Skriflesing, gebede, foto's of kort videos wat verskeie elemente van die erediens uitbeeld. Die aanbieding sal jou begelei in aanbidding voor die Here. Gebruik dit as 'n tyd vir nadenke en stil wees voor die Here.
- Die Nagmaal op Goeie Vrydag gaan voort op die tye hierbo genoem. Elkeen gebruik die Nagmaal soos die Here hom of haar lei en soos ons dit in die verlede met die Via Dolorosa gedoen het.

- Daar sal altyd iemand aan diens wees wat lidmate ontvang en ondersteun. Voorsiening word gemaak vir persone met rolstoele.
- Toegang is net by een van die hoofdeure waar almal hulle hande moet ontsmet voordat hulle ingaan en weer as hulle uitgaan.
- Dankoffers en kollekte – ons doen ‘n vriendelike beroep op al ons lidmate om in hierdie tyd nie hulle dankoffers en kollekte te vergeet nie. Die werk van die Here gaan voort, en ons gee ons dankoffers en kollekte uit dankbaarheid vir wat die Here ook vir ons gee. In die kerk sal daar ‘n dankofferkis wees waarin die kollekte geplaas sal word. Die kis sal gereeld leeggemaak en die geld in die kluis gebêre word.
- Die skole het gesluit en bidure en byeenkomste waar persone in groepe byeenkom sal tot latere kennisgewing ook nie voortgaan nie.
- Die kerkkantoor sal die normale tye oop wees.
- Hierdie reëlings geld voorlopig tot ná die Paasnaweek wanneer die situasie weer heroorweeg sal word.

Martin Luther het in 1527 toe ‘n dodelike pes in Wittenberg uitgebreek het die volgende geskryf: *“I shall ask God mercifully to protect us. Then I shall fumigate, help purify the air, administer medicine and take it. I shall avoid places and persons where my presence is not needed in order not to become contaminated and thus perchance inflict and pollute others and so cause their death as a result of my negligence. If God should wish to take me, He will surely find me and I have done what He has expected of me and so I am not responsible for either my own death or the death of others. If my neighbour needs me however I shall not avoid place or person but will go freely as stated above. See this is such a God-fearing faith because it is neither brash nor foolhardy and does not tempt God.”* (Uit *The Annotated Luther, Volume 4: Pastoral Writings, page 404*)

Ons glo en vertrou dat hierdie drastiese stappe net tydelik is en dat die Here ons genadig sal wees. Hierdie kan ‘n tyd van nadenke en geestelike groei word, en ‘n tyd van stil wees voor die Here. Ons wil al ons lidmate aanmoedig om in hierdie tyd hulle vrede in die Here te soek, te volhard in die geloof, en positief en met vertroue as volgelinge van Jesus te leef.

Here, maak ons in hierdie tyd draers van hoop.

*Enige navrae of ondersteuning kontak Ds Izak Liebenberg (083 407 7858)

19 Maart 2020